

**Idees en voorstelle vir gemeentes
Soos ontvang van gemeentes**



**NUUTSTE
BYVOEGINGS:
19.03.2020**

1 Liewe Vriende

Die Interimkomitee het vanmiddag vergader. Ons wil graag vir u verseker dat ons ernstig oor die aankondiging van die Staatspresident gepraat het. Ons doen 'n beroep op gemeentes en lidmate om nie paniekerig te raak in hierdie tyd nie, maar om met moed en geloof die Here te bly dien, deur uit te reik na die gemeenskap en om te gee vir lede van die gemeenskap.

Hiermee gee die Interimkomitee die volgende reëlins aan u deur na aanleiding van die aankondiging wat die Staatspresident gemaak het op 15 Maart 2020.

1. Teologiese Begroning

Die Interimkomitee ondersteun die reëlins soos deur die Staatspresident gemaak is, in geheel. Romeine 1:1-7 roep ons op om gehoorsaam aan die staat te wees, want die hierdie leiers is deur God oor ons aangestel. Romeine 13:10 herinner ons ook dat die liefde die naaste geen kwaad aandoen nie, daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet. Hierdie liefde vra dat ons mense se blootstelling aan die virus so goed as moontlik sal probeer beperk, veral diegene wat minder weerbaar is. In die lig hiervan gee die Interimkomitee die volgende riglyne aan u deur doen 'n beroep op u om dit ten sterkste te oorweeg:

2. Eredienste

Ons versoek u om dit ernstig te oorweeg om alle eredienste tot en met na Paasaweek af te stel. U kan van sosiale media soos Facebook live *streaming*, Whatsapp (u kan u hele gemeente in Whatsapp groepe indeel per wyk/blok so kan u ook kontak hou met almal en dadelik weet was daar iewers 'n krisis is waaraan aandag gegee moet word), Potgooie (Anchor) en Youtube gebruik maak om elke Sondag die boodskap na lidmate uit te stuur.

Indien u verkies om voort te gaan met die eredienste gee ons aan u die volgende riglyne deur om te volg wanneer u eredienste hou:

- Op geen oomblik mag daar meer as 100 mense in 'n gebou teenwoordig wees nie, dit is 'n verbreking van die beperking wat die Staatspresident aangekondig het.
- Sorg dat daar by die deur seep en water beskikbaar is vir die erediens bywoners om hande te was voor hulle in die gebou ingaan.
- Laat lidmate en/of families ten minste 'n 2 m radius van mekaar sit om die oordrag van die virus via hoes en speeksel te vermy.
- Ons rig 'n versoek dat lidmate wat ouer as 60 is afgeraai word om eredienste by te woon en dat die predikant en die kerkraad verantwoordelikheid neem vir die geestelike versorging van hierdie lidmate.
- Wanneer kollekte opgeneem word, plaas die kollekteborde voor in die liturgiese ruimte en laat mense stelselmatig vorentoe kom om die kollekte in die borde te plaas. Sorg vir handskoene vir diegene wat

NG Kerk Vrystaat

Abri van Vuuren
abrivv@vodamail.co.za

Abri van Vuuren
044 272 2763

	<p>na die tyd die geld hanteer. Alternatiewelik kan u oorweeg om geen kollekte op te neem nie en lidmate te versoek om kollekte na die gemeente oor te betaal via elektroniese metodes soos zapper ens.</p> <p>3. Nagmaal Die Interimkomitee versoek u om dit ten sterkste te oorweeg om vir ten minste die volgende maand nie voort te gaan met die bediening van Nagmaal nie. Paasnaweek vieringe kan uitgestel word tot 'n latere geleentheid wanneer dit weer veilig is vir groepe mense om saam te kom vir eredienste.</p> <p>4. Ander gemeentelike byeenkomste Die president het ook versoek dat ander byeenkomste van minder as 100 mense tot die minimum beperk moet word, u word dus versoek om dit ernstig te oorweeg om nie in hierdie tyd wyksbyeenkomste, kleingroep byeenkomste of Bybelstudie groepe te hou nie. U word ook ernstig versoek om nie openbare byeenkomste soos 'n basaar of makietie of gemeente konserte en gemeente feeste te hou nie, want dit is nie moontlik om te beheer wie dit bywoon nie en almal teenwoordig word blootgestel in sulke situasies. Stel hierdie byeenkomste eerder uit na 'n latere datum.</p> <p>5. Begrafnisse Wanneer daar 'n begrafnis is, word u versoek om dit as 'n familie aangeleentheid te hanteer en word die breër geloofsgemeenskap versoek om eerder nie 'n begrafnis by te woon nie. U word ook versoek om weer na te dink oor verversings na die begrafnis aangesien dit ook 'n verdere vergaderplek van groepe mense is wat vermy moet word.</p> <p>5. Troues U word versoek om aan bruidspare deur te gee dat byeenkomste van mees as 'n 100 mense verbied word. Dit sal dalk ook goed wees om aan bruidspare die versoek te rig om eerder die voorgenome troues uit te stel of om dit te oorweeg om 'n troue ook 'n familie aangeleentheid te maak waar net die naby familie teenwoordig is vir die bevestiging van die huwelik.</p> <p>6. Werkers Ons versoek lidmate om in gedagte te hou dat hulle werkers, veral tuiniers en huisbediendes van die weerlose van weerlose mense is en dat hulle direk geraak word deur die aankondiging dat vervoer deur busse, taxi's en treine tot die minimum beperk word. Ons versoek lidmate om in hierdie tyd veral ook te let op die welstand van hulle werknemers en om voort te gaan met die betaling van lone, selfs al kan die werkers nie kom werk nie. Ons versoek ook lidmate om toe te sien dat werkers genoegsaam ingelig is oor die virus en dat daar vir hulle voorsiening gemaak word om ten minste aan die basiese higiëne vereistes te voldoen.</p> <p>7. Bejaardes Die Interimkomitee is tans besig om met ENGO in gesprek te tree oor die welstand van bejaardes in ouetehuse en sal sodra die gesprek afgehandel is, verder inligting aan u deurgee.</p>	
2.	<p>Die aankondiging van die President gisteraand het verreikende implikasies vir gemeentes en veral vir gemeente-byeenkomste. Gemeentes met hoë bywoning in eredienste word waarskynlik die meeste geraak. Hier is 'n aantal hulpmiddels vir gemeentes om te help in hierdie tyd.</p> <p>Die groot vraag is waarskynlik die vraag rondom eredienste. Moet ons voortgaan of moet ons nie? Daar is verskeie opsies wat gemeentes kan oorweeg:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verskeie kleiner eredienste (herhalings) word op Sondag gehou om voorsiening te maak vir kleiner groepe deelnemers: 	<p>Uitgestuur deur KERKNUUS & VISUALPRAISE</p> <p>hulpmiddels@kerknuus.com</p> <p>Coenie Calitz</p>

- Slegs haalbaar vir kleiner gemeentes waar byvoorbeeld 3 eredienste met 'n 100 deelnemers gehou word in plaas van een erediens met 300 deelnemers.
- Behou koinonia en saamwees.
- Kleiner effek op gemeente se finansies.
- Aan die negatiewe kant moet 'n mens sê dat dit wel gesondheidsrisiko's kan inhou waar mense saamkom.

- **Live-stream die erediens** in klank en/of beeldformaat. (Die erediens word lewendig uitgesaai in klank en/of beeldformaat)

- Gemeente moet beskik oor die nodige toerusting asook 'n vinnige internetverbinding (wat problematies is in tye van beurtkrag).
- Gemeente moet registreer vir een of ander portaal waardeur die eredienste gestream kan word, bv. *Youtube*.
- Moontlike verlies aan koinonia en dankoffers.
- Minder gesondheidsrisiko's.
- Moontlike oplossings: *Youtube* (beeld en klank), [Facebook](#) (beeld en klank - kyk [helpplêër](#)), [Soundcloud](#) (klank), [Shoutcast](#).
- So werk soundcloud: <https://www.youtube.com/watch?v=j0PckZwtys0>

- **Stream die erediens** in klank en/of beeldformaat. (Die erediens word opgeneem en daarna uitgesaai in klank en/of beeldformaat)

- Gemeente moet beskik oor die nodige toerusting om beeld en/of klank op te neem asook 'n internetverbinding om die opname op te laai.
- Gemeente moet registreer vir een of ander portaal om die opname te stoor, byvoorbeeld eie webblad, *Soundcloud*, *Youtube*, ens.
- Moontlike verlies aan koinonia en dankoffers.
- Minder gesondheidsrisiko's.
- Moontlike oplossings: *Youtube* (beeld en klank), [Soundcloud](#) (klank), *Streaming-media* op eie webblad (verskeie *Wordpress* plug-ins beskikbaar - nou net met 'n programmeerder gepraat en hy beveel nie hierdie opsie aan nie).

Handige artikels:

- [PREPARING Your CHURCH for Coronavirus \(COVID-19\)](#)
- [How To Live Stream On YouTube - Start To Finish](#)
- [Should Your Church Stop Meeting to Slow COVID-19? How 3 Seattle Churches Decided.](#)
- [COMMUNITY WITHOUT COMMUNING: RESOURCES FOR VIRTUAL CHURCH](#)
- [LIVE STREAM YOUR CHURCH SERVICES FOR ALMOST NOTHING](#)
- [5 GREAT FACEBOOK LIVE TIPS FOR CHURCHES](#)

Handige wenke:

<https://www.who.int/emergencies/diseases/novel-coronavirus-2019/advice-for-public> (aflaai bare plakkate en baniere gratis beskikbaar)

Wash your hands frequently

Regularly and thoroughly clean your hands with an alcohol-based hand rub or wash them with soap and water.

Why? Washing your hands with soap and water or using alcohol-based hand rub kills viruses that may be on your hands.

Maintain social distancing

Maintain at least 1 metre (3 feet) distance between yourself and anyone who is coughing or sneezing.

Why? When someone coughs or sneezes they spray small liquid droplets from their nose or mouth which may contain virus. If you are too close, you can breathe in the droplets, including the COVID-19 virus if the person coughing has the disease.

Avoid touching eyes, nose and mouth

Why? Hands touch many surfaces and can pick up viruses. Once contaminated, hands can transfer the virus to your eyes, nose or mouth. From there, the virus can enter your body and can make you sick.

Practice respiratory hygiene

Make sure you, and the people around you, follow good respiratory hygiene. This means covering your mouth and nose with your bent elbow or tissue when you cough or sneeze. Then dispose of the used tissue immediately.

Why? Droplets spread virus. By following good respiratory hygiene you protect the people around you from viruses such as cold, flu and COVID-19.

If you have fever, cough and difficulty breathing, seek medical care early

Stay home if you feel unwell. If you have a fever, cough and difficulty breathing, seek medical attention and call in advance. Follow the directions of your local health authority.

Why? National and local authorities will have the most up to date information on the situation in your area. Calling in advance will allow your health care provider to quickly direct you to the right health facility. This will also protect you and help prevent spread of viruses and other infections.

Stay informed and follow advice given by your healthcare provider

Stay informed on the latest developments about COVID-19. Follow advice given by your healthcare provider, your national and local public health authority or your employer on how to protect yourself and others from COVID-19.

Why? National and local authorities will have the most up to date information on whether COVID-19 is spreading in your area. They are best placed to advise on what people in your area should be doing to protect themselves.

SLOTWOORD

Hierdie briefie is net bedoel om julle denkprosesse hieroor aan die gang te sit en te help met die eerste tree op die pad. Persoonlik sal ek so lank as moontlik probeer om kleiner byeenkomste te hou voordat ek heeltemal oorgaan na die *streaming*-opsie. Elke gemeente se omstandighede (finansies, internetspoed, menslike hulpbronne, ens.) verskil egter en elke gemeente se risikofaktore verskil ook van mekaar. Ten minste kan 'n gemeente hulle eredienste opneem en aanlyn beskikbaar stel sodat lidmate wat nie daar kan wees nie, wel nog kan luister en deelneem.

Soundcloud is baie handig hiervoor aangesien die eerste paar preke gratis is - die betaalde opsies is ook baie billik. Dis ook baie maklik om 'n *streaming player* in 'n bestaande webblad in te voer en die preke vanuit die webblad te speel in *streaming* formaat - gesels gerus met julle webmeester.

Mag hierdie krisistyd vir ons 'n tyd wees van nuwe uitdagings en nuwe geleenthede!

<p>3.</p>	<p>Ons doen erediens uitsendings al jare op vier maniere nl preek alleen op youtube, volledige erediens op youtube en facebook live en klankbaan op Soundcloud plus 'n weeklikse elektroniese en gedrukte nuusbrief, en 'n baie aktiewe facebook en webblad.</p> <p>https://www.facebook.com/NGGemeenteOudtshoornWelgeluk/</p> <p>https://www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za/media/</p> <p>https://soundcloud.com/user-614749129/erediens-15-maart-2020-ng-oudtshoorn-welgeluk</p> <p>https://youtu.be/MPGfT38lxX0</p> <p>https://youtu.be/aNonUMXBqwA</p> <p>Dink ons opnames v.d. beste in land en selfs beter as Moreletta sin. Bg. net enkele voorbeelde</p> <p>Slegs ter inligting.</p> <p>Groete</p>	<p>NGK Oudtshoorn Welgeluk</p> <p>Abri van Vuuren 044 272 2763</p>
<p>4.</p>	<p>Geliefdes</p> <p>Sondagaand het ons by president Cyril Ramaphosa gehoor dat ons land drastiese stappe gaan doen om die Covid-19-virus onder beheer te bring. Een van die grootste maatreëls is die verbanning van byeenkomste met meer as 100 mense. Om die Covid-19-pandemie in te perk word die meganisme van sosiale afstand (social distancing) toegepas. As FGK is ons tans besig met ons Lydenstydreis met die tema: "Maak Plek". Min het ons geweet dat ons tema so prakties uitgeleef gaan word.</p> <p>Terwyl ons as gemeente aan hierdie maatreëls gehoor gee, is dit belangrik om op verskeie vlakke plek te maak. Ons gaan as FGK plek maak in terme van ons uitnodigings om te Besin, Behoort en Beweeg. Ons glo dat ons in hierdie tyd nuwe refleksie van kerk-wees kan aanleer.</p> <p>Elkeen van ons het 'n persoonlike verantwoordelikheid (Besin). Ons het ook 'n verantwoordelikheid as geloofsgemeenskap (Behoort) en teenoor ons groter gemeenskap (Beweeg).</p> <p>Ons sal weekliks 12:00 op 'n Maandag 'n vooruitskouing vir die gemeente stuur vir die week wat kom.</p> <p>Kommunikasie sal deur al die beskikbare kanale plaasvind: Die gemeente se webblad (www.fgk.co.za), Facebook (www.facebook.com/FGKerk/), die gemeente se WhatsApp (die nommer is (074 149 9507) en ook die gemeente se e-pos.</p> <p>Persoonlik (BESIN) As volgelinge van Jesus is dit baie belangrik om in hierdie onsekere tye bewus te raak van ons emosies teenoor die pandemie. As geloofsgemeenskap glo ons dat ons ruimtes wil skep waar ons eerlik oor ons gevoelens kan gesels. Party van ons sal intense emosies van vrees beleef. Hierdie</p>	<p>Fontainebleau Gemeenskapskerk 17 Maart 2020</p> <p>Gemeenteraad en Personeel</p>

vrees kan ook lei tot angs en wegholgedagtes oor die ergste ding wat moontlik kan gebeur. Dit is belangrik om hierdie vrese en angs te erken.

Ander van ons werk met die emosie van hartseer. Die maatreëls wat ingestel is, mag dalk lei tot die kansellering van gebeure waarna jy uitgesien het. Dalk moet jy 'n beplande reis of 'n vakansie kanselleer. Miskien het jou kind uitgesien na 'n spesifieke toer of kamp. Hierdie hartseer kan oorloop in emosies van woede. Aan die ander kant kan ons hartseer ook lei tot gevoelens van mismoedigheid en in sekere gevalle selfs depressie.

Die primêre gevoelens van "mad, sad en angry" kan ook gevoel word in verskillende emosies wat hieruit vertak. Dit mag dalk behulpsaam wees om na die volgende emosiewiel te kyk om jou gevoelens te identifiseer. Gesinne en vriende kan hierdie hulpmiddel daaglik gebruik om met mekaar te gesels oor ons binne-wêreld.

Nadat die emosie geïdentifiseer is, kan ons met die Here eerlik in gebed praat. In Filippense 4:6 skryf Paulus vanuit die tronk en gee die volgende raad:

Don't fret or worry. Instead of worrying, pray. Let petitions and praises shape your worries into prayers, letting God know your concerns.

As geloofsgemeenskap wil ons gemeentedele aanmoedig om hierdie emosies wat ons ervaar as die grondslag vir ons gebede te gebruik. Hierdie gebede kan die vorm van klaag aanneem: "Here, hoekom?"

Dit kan ook die vorm van petisie aanneem: "Here, help!". Hoe jou gebede ook al vorm aanneem, maak seker om gereeld in gebed met die Here te tree. In hierdie tye is dit belangrik dat ons sal Besin oor waar ons is en dan in gesprek tree met ons geliefdes en die Here.

Indien jy pastorale gebede verlang is jy welkom om 'n boodskap te stuur na die gemeente se WhatsApp of te e-pos na tom@fgk.co.za.

As volgelinge van Jesus onthou ons in hierdie tyd die opening van die Heidelbergse Kategismus, Sondag

1, Vraag 1:

Vraag: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort.

Op 'n praktiese vlak is ons persoonlike verantwoordelikheid om gesonde praktyke te bevorder. Was gereeld jou hande deur die dag (vir 20 sekondes). Moenie aan jou gesig vat nie. Groet mense deur vriendelik te waai en nie blad te skud of drukkie te gee nie. As jy hoes of nies, maak seker dat jy jou mond ordentlik bedek sodat jy nie oor mense hoes of nies nie en ook nie in jou hande nies nie. As jy siek voel, maak seker dat jy mediese hulp kry en tuis bly. Slaap agt uur 'n dag en eet genoeg groen groentes.

Moenie jouself aan te veel mense blootstel en te veel rondbeweeg nie. Maak ook seker dat jy nie fopnuus versprei nie. Die regering het 'n spesiale WhatsApp-nommer 0600 123 456 waar jy kan kyk wat die jongste nuus en fopnuus is. Stuur net 'n boodskap van "Hi" na dié nommer.

Gemeente (BEHOORT)

Omdat ons nie in groepe groter as 100 bymekaar kan kom nie, **gaan ons nie op Sondag by die kerkgebou 'n erediens hê nie. Alle gemeenteaktiwiteite wat op die perseel sou plaasvind, word tot verdere kennisgewing gekanselleer (ons sal elke Maandag teen 12:00 met die gemeente kommunikeer oor die week wat kom).** Hierdie maatreël word ingestel om ons weerlose lidmate en

gemeenskapslede te beskerm. Hier dink ons veral aan ons senior lidmate. Kleiner groepe, selfs minder as 100 mense, hou ook 'n risiko in. Daarom besluit ons om nie 'n erediens te hou nie en selfs kleiner byeenkomste te kanselleer.

Dit is egter baie belangrik om te onthou dat die kerk in haar wese nie oor 'n gebou, dominees en 'n diens op 'n Sondag gaan nie. Die kerk is nie 'n gebou nie, die kerk bestaan uit mense wat oral in verskillende plekke bymekaar kom. Daarom glo ons dat hierdie uitdagende tyd ons 'n geleentheid bied om nie minder nie, maar meer kerk te wees. Ons gaan herontdek wat kerkfees beteken. **Op Sondag om 09:00 sal ons weekliks 'n erediens lise stram op Facebook en Couture.** Hierdie regstreekse uitsending sal ook later in die dag beskikbaar wees op die gemeente se webblad en Facebookbladsy. Ons gaan ook moeite doen om hierdie erediens in 'n oudio-formaat op Whatsapp beskikbaar te stel.

Soos ons reeds van die begin van die kwartaal doen, gaan ons voort met ons weeklikse groeps materiaal wat ideaal is vir gesinne en vriende. Dit kan op die webblad by www.fgk.co.za/materiaal afgelaai word.

Ons gaan ook voort met ons Lydenstyd materiaal.

Ons gaan ook in hierdie week 'n daaglikse WhatsApp-boodskap stuur wat ons gemeentelede kan help om te Besin, Behoort en te Beweeg. Hierdie boodskap sal relevante inligting en praktiese gewoontes gee om plek te kan maak in hierdie tyd. Die personeel is ook besig om te dink oor Heilige Week en Paasfees en hoe ons dit op 'n sinvolle manier kan aanbied. Omdat ons nie erediens het nie, sal ons alternatiewe reëlings tref vir die opneem van kollekte. Hou asseblief aan om finansiële te gee.

Gemeenskap (Behoort)


Omdat ons weet dat sommige mense in ons gemeenskap finansiële swaarkry, wil ons in hierdie tyd gemeentelede aanmoedig om donasies te maak om finansiële te kan help. Merk asseblief inbetalings wat gemaak word as "Noodfonds". Ons gaan van hierdie geld gebruik om ons landsgenote wat in die "townships" woon te help deur seep te koop. Omdat ons in hierdie tyd gebruik gaan maak van elektroniese kommunikasie (en spesifiek WhatsApp) wil ons gemeentelede wat ekstra fone het wat kan WhatsApp, aanmoedig om hierdie fone en die laaiers by die gemeentekantoor af te laai. Ons gaan hierdie fone gebruik om ons lidmate wat ouer fone het, te bemagtig.



Ons versoek lidmate om in gedagte te hou dat hulle werkers, veral tuiniers en huishulpe, van die mense is wat direk geraak word deur die aankondiging dat vervoer deur busse, taxi's en treine tot die minimum beperk word. Ons versoek lidmate om in hierdie tyd veral ook te let op die welstand van hulle werknemers en om voort te gaan met die betaling van lone, selfs al kan die werkers nie kom werk nie.

Perspektief

As gelowiges glo ons dat hierdie tyd 'n geleentheid is om ons perspektief weer in fokus te kry. Ons bely en erken dat ons as die Liggaam van Christus verweef is. Daarom, "wanneer een lid ly, ly ons almal saam" (1 Korintiërs 12:26). Ons onthou ook dat in hierdie tye waarin die skepping, mensdom en elkeen van ons sug die Heilige Gees met ons is, "En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge" (Romeine 8:26).

Ons sluit hierdie skrywe af met die praktiese raad van Martin Luther, toe hy die swart griep as predikant moes beveg:

	<p><i>"I shall ask God mercifully to protect us. Then I shall fumigate, help purify the air, administer medicine and take it. I shall avoid places and persons where my presence is not needed in order not to become contaminated and thus perchance inflict and pollute others and so cause their death as a result of my negligence. If God should wish to take me, he will surely find me and I have done what he has expected of me and so I am not responsible for either my own death or the death of others. If my neighbour needs me however, I shall not avoid place or person but will go freely as stated above. See this is such a God-fearing faith because it is neither brash nor foolhardy and does not tempt God." The Annotated Luther, Volume 4: Pastoral Writings</i></p> <p>Mag die Here ons help om op kreatiewe maniere te ontdek hoe om in hierdie tye ook die Here te volg as sy dissipels.</p> <p>Groete Die gemeenteraad en personeel</p>	
5	<p>Verskeie kerke en godsdiensgroepe het begin om 'n 30 dae verbod op openbare byeenkomste te plaas. Honderde kerke oor alle gelowe heen het hul tradisionele kerkdienste vir eers afgelas, terwyl ander meer dienste met minder mense hou. Die Shri Mariammen Hindoe-tempel in Mount Edgecomb, wat 'n gewilde toeriste-aantreklikheid tydens die Paasfees is, het die weeklange feesviering gekanselleer. Die tempel bly egter oop vir besoekers. Die Ethekwini gemeenskapskerk gaan van more af sy eredienste aanlyn aanbied. RSG 17 MAART</p> <p>Slegs ter inligting</p> <p>Ek dra kennis van die volgende. "Koronavirus: Verteenwoordigers van die NG Kerk sal onder afgevaardigdes wees wat Donderdag met pres Ramaphosa vergader, berig Kerkbode"</p> <p>Groete Adri van Vuuren</p>	<p>abrivv@vodamail.co.za</p> <p>Abri van Vuuren 044 272 2763</p>
6	<p>Goeie dag,</p> <p>Dankie vir die inligting oor hantering van die Covid-19 virus.</p> <p>Is daar 'n Engelse weergawe van die inligting? Ek is betrokke by die internasionale studente bediening op Stellenbosch. Ons hou Sondae 'n Engelstalige erediens vir internasionale studente in die Khaya. Dit sal help om die inligting te kan gee aan internasionale studente wat inskakeel by die Engelstalige erediens.</p> <p>Dankie by voorbaat !</p> <p>Groete</p> <p>Jurie</p> <div style="display: flex; justify-content: space-between; align-items: center;">  <div style="text-align: center;"> <p>Rev (Ds) H.J. Goosen</p> <p>Tel. 021 883 3458</p> <p>Sel. 083 235 5920</p> </div> <div style="text-align: right;"> <p>Die Khaya 39 Ryneveld Street Stellenbosch, 7600</p> </div> </div>	17 Maart 2020

7	<p><i>Vanaf 6:00-12:00 'n Taizé diens (stildiens) waar die kerk oop is, Gregoriaanse musiek speel en liturgie lê op die banke waar jy kom mediteer. Predikant en kerkraad aan diens in daardie tydgleuf. Tot 12 April.</i></p>	17 Maart 2020
8	<p>Besig-bly-dinge vir families tydens sosiale afsondering oor die corona virus</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Maak 'n gesinsplakkaat met 'n gesinsfoto in die middel met julle gesinswaardes rondom geskryf in woorde en prentjies uitgeskeur of geknip uit tydskrifte en dan geplak. Die plakkaat herinner julle watter soort gesin julle wil wees. 2. Sorteër julle gesinsfoto's uit – in 'n foto plakboek of in “folders” op die rekenaar. Hou dan 'n foto-kuieraand waar julle stories vertel en mekaar herinner aan die stories wat voor julle afspeel. 3. Kies 'n paar lekker resepte, sorg dat al die bestanddele daar is en maak saam kos – deel in spanne op wat dan die voorgereg, hoofereg en nagereg maak. Kies 'n tema waarvolgens julle die tafel dek en trek ook aan volgens die tema. 4. Haal al julle bordspeletjies uit en stel 'n rooster op en speel elke aand 'n ander bordspeletjie. 5. Maak saam tuin – berei 'n bedding voor deur kompos in te werk. Die volgende groente/kruie is goed om in die herfs te plant:  <ul style="list-style-type: none"> • Blomkool en brokkoli • Herdersbone • Uie • Wortels • Tiemie • Knoffel • Blaarslaai • Spinasie • Ertjies <p>Plant om jou akkers eetbare blomme, dit rond jou tuin mooi af. Onthou om pronkertjies te plant. Dit gaan sorg vir 'n vrolike lente. Poppiesaad is ook goed om in die tuin te strooi – jy gaan 'n verrassing kry in lentetyd.</p> <ol style="list-style-type: none"> 6. Maak julle klerekaste skoon – gooi uit wat nie meer nodig is nie of wat jou nie meer opgewonde maak nie. Maak dit wat julle nie meer gaan gebruik nie op in pakkies. Sit seep en waterlose handeskoonmaak-middels by. Die gesin kan saam besluit vir wie hulle die pakkies wil gaan uitdeel. 7. Haal 'n paar ou storieboeke uit die rak en lees hardop stories vir die gesin. 8. Hou 'n musiekaand. Elkeen in die gesin kies 2/3 van jou beste liedjies of musiekstukke en luister dan saam daarna. Die aand kan afgesluit word waar almal saam musiek maak en dans om die tafel. 9. Hou 'n lekker fliekaand. Maak springmielies en kies 'n lekker fliek op NetFlix. Maak 'n groot krismisbed waar almal aan die slaap kan word na die fliek. 	 <p>MOEDERKERK KRUISKERK</p> <p>Jan van Zyl NG Kerk Stellenbosch en Kruiskerk 021 883 3458 (kantoor) 082 871 3155 (sel) 021 886 4041 (faks) jan@moederkerk.co.za</p>

	<p>10. Maak 'n lekker ontbyt – plaatkoekies, spek en eiers met gerasperde kaas en 'n pot vars koffie. Eet dit buite op die stoep terwyl almal sê wat vir hulle uitgestaan het in gisteraand se fliek.</p> <p>11. Die gesin maak saam stemboodskappe vir mense wat alleen of siek is in die tyd van afsondering. Vertel wat julle as gesin doen en bemoedig die mense deur vir hulle te sê hoekom hulle vir jou spesiaal is.</p>	